

REDENAARS: 2019

Geagte Ouers

Almal is reeds druk besig met die redenaars wat sommer binnekort in die eerste kwartaal in aanvang neem. Graag gee ek vir u die temas deur vir 2019. Hou asb. die volgende in gedagte wanneer u die stukke voorberei.

ONTHOU dit moet 'n beredeneerde stuk wees – nie 'n mooi verhaal of storie nie.

As u die volgende struktuur volg, behoort die stuk geslaagd te wees:

1. **Kies 'n tema** byvoorbeeld; **Sê nou** – dis die tema
Dan kan die onderwerp bv. wees: **Sê nou ek is 'n miljoenêr**
Ek moet **Ja** of **Nee** op die onderwerp kan antwoord. So, die keuse van die onderwerp is belangrik. Vermoed dit om van die onderwerp n vraag te maak nie.
2. Die **inleiding** moet baie goed wees – iets wat dadelik die gehoor se aandag sal trek. Pasop vir 'n gediggie of liedjie - dis redenaars – nie drama nie!
Slot: Die slot moet samevattend wees van wat die kind beredeneer het. Al die standpunte saamgevat.
3. Spreek die **Voorzitter** aan en kyk vir hom/haar wanneer jy hom/haar aanspreek.
4. **Uiteensetting van die inhoud:**
Gebruik 'n interessante manier om die standpunte bekend te stel. Moenie die vinger wys en sê punt 1 ensovoorts nie.

Byvoorbeeld

5. Ek wil graag my **standpunte** aan die hand van die volgende punte beredeneer.
Eerstens
Tweedens
Aan die hand van my eerste standpunt wil ek graag die volgende aan u bewys. (Onthou, ek gee maar net wenke. U kan dit omskryf nes u wil - hou net by die struktuur.
6. **BRONNE:**
Minstens drie bronne en meer moet gebruik word.
By Gr. 1-4 is Ouma of Oupa se woord of die Bybel goeie bronne want dit moet op hulle vlak wees.
By Graad 5 – 7 moet die bronne gesaghebbend wees en baie volledig aangedui word, byvoorbeeld; Ek lees in die Beeld van Saterdag, 11 September 2017 dat Ansie Vermeulen in haar artikel skryf Prof Swanepoel van die Universiteit van Pretoria verbonde aan die Sielkunde Departement skryf in sy boek
Die leerder moet ook aandui of hy/sy met die inhoud wat aangehaal is saamstem al dan nie, met n verduideliking.

7. **VOORDRAG:**

Pasop!! Kinders is baie geneig om 'n stuk voor te dra of te dramatiseer – onmiddelik diskwalifiseer hierdie leerder hom- / haarself. Dis redenaars – jy moet 'n toespraak lewer.

8. **KAARTJIES:**

Daar is nie regtig 'n **voorgeskrewe reël** nie, maar uit ondervinding stel ons voor dat die kaartjies omtrent 10 x 10 cm moet wees en kies 'n kleur soos wit, grys of wynrooi om by die skoolklere in te skakel – dit gee 'n beter vertoning.

Onthou die kaartjies is 'n hulpmiddel. Gebruik dit om iets te motiveer of 'n vraag te vra aan die gehoor. Hou die kaartjies mooi in lyn met jou oë sodat jy nie jou kop hoef te buig en af te kyk na die kaartjies nie, want dan druk jy jou keel toe en dan kan die gehoor nie hoor wat jy sê nie. Hou die kaartjies in jou regterhand en die ander hand langs jou sy.

9. **OOGKONTAK:**

Kinders moet van die begin af leer om oogkontak met die gehoor te maak. Moet nie net na die beoordelaars kyk nie. Kyk vir die mense in die gehoor en maak oogkontak met hulle. Praat met jou gehoor en oortuig hulle van jou standpunte. Leerders mag nooit oogkontak verbreek nie.

10. **STEM:**

Dit is baie belangrik: Pasop dat jy nie sing nie !!!!. Praat mooi duidelik en hard. Onthou jy gesels met die gehoor.

11. Onthou, 'n redenaarstuk moet op die kind se vlak wees. Gebruik ook die kinders se opinies – dis baie belangrik.

12. **TEMAS vir 2019**

GRAAD 1 – 3	GRAAD 4 – 5 Afrikaans Huistaal en Eerste Addisionele Taal	GRAAD 6 - 7 Afrikaans Huistaal en Eerste Addisionele Taal
maniere	spaar	vrees
droom	kuns	dink
jok	frons	dans

13. **TYD VAN DIE STUKKE:**

Graad 1 – 4: Nie korter as twee minute en nie langer as 4 minute nie.

Graad 5 – 7: Nie korter as 3 minute en nie langer as 5 minute nie.

14. **ALGEMEEN:**

Die redenaars wat by ons skool se Prestige-aand deurdring sal aan die Streeksbyeenkoms deelneem en dié wat dan verkies word gaan Suid-Gauteng toe en daarna is die SA-Kampioenskappe.

Daar was 'n tendens in die verlede dat toesprake gekoop word. Wees bedag daarop dat dieselfde toesprake aan meer as een leerder verkoop word. Ouers moet asseblief waak daarteen omdat u kind onmiddellik gediskwalifiseer word as die beoordelaars daarvan bewus is.

Die Redenaar Organiseerder is Me Trudie Wilken (Hoof). Indien u enige hulp verlang kan u met haar skakel. Toesprake vir 2019 moet voor/op 11 Januarie 2019 gereed wees en by Juf. Trudie ingehandig word. Gekontroleerde stukke sal aan die leerders terugbesorg word vir regstellings, indien enige. Die skool se uitdunne is as volg:

Gr. 1-3	5 Februarie 2019 om 18:00	Skoolsaal
Gr. 4-5	6 Februarie 2019 om 18:00-19:00	Skoolsaal
Gr. 6-7	6 Februarie 2019 om 19:00-20:00	Skoolsaal

Redenaarsgroete

ME T WILKEN
Hoof Organiseerder